

ST. EPIPODIUS EN ST. ALEXANDER

22 APRIL

(2de eeu)



Hierdie twee jong Christen manne was goeie vriende wat hul geloof met groot blydskap in die stad Lyons (moderne Frankryk) uitgeleef het. Hulle verbind hulself tot 'n lewe van eenvoud, kuisheid en liefde vir God en hul naaste. Toe die vervolging van die Christene onder keiser Markus Aurelius begin, vlug hulle uit die stad en vind 'n veilige tuiste by 'n arm Christen weduwee. Ongelukkig het die owerhede te hore gekom van hul skuilplek en is hulle gevang en voor die Romeinse goewerneur gebring. Groot druk is op hulle geplaas om hul geloof af te sweer en hulle is selfs 'n beloning aangebied indien hulle Christus sou verloën. Toe dit nie werk nie is hulle verskriklik gemartel en nog steeds het hulle Christus bly loof en prys. Uiteindelik is hulle albei om die lewe gebring. Ander Christene het in die geheim hul lyke afgehaal en buite die stad begrawe. Hulle dood was nie tevergeefs nie en die getuienis van hul bloed was die begin van al hoe meer bekerings tot die Christelike geloof.